EENHEID IN VERSKEIDENHEID

(VERSKEIDENHEID IN EENHEID)

1. INLEIDING.

Die begrip "Eenheid in Verskeidenheid" is al 'n geruime tyd op die agenda van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Dit het o.a. aanleiding gegee tot die aanwys van Sinodale Deputate wat by die Sinode van 2015 gerapporteer het. Verskeie sinvolle aanbevelings is gemaak maar dit het in die gedruis wat ontstaan het met die afwys van hul voorstel vir 'n Spesiale verkleinde sinode, nie die nodige aandag gekry nie.

Die Gereformeerde Kerk Wapadrant, en ander beskou die **betekenis** van die begrip eenheid-in-verskeidenheid as so belangrik dat ons graag bestaande begrippe weer wil afstof en 'n herwaardering daarvoor wil wakker maak. Om enigsins vordering te maak met die oplos van bestaande of selfs nuwe potensieel verdelende kwessies in die kerkverband, moet volgens ons, hieroor vooraf deeglik besin word en dit deel gemaak word van die samestelling en funksionering van die Gereformeerde kerkverband.

Die Gereformeerde Kerkverband was tot onlangs bekend vir eendersheid van denke en manier van doen. Die eendersheid is egter mettertyd verwar met eenheid en daar het 'n verwagting ontstaan dat alles eenders moet wees ten einde eenheid te kan ervaar. Daar het selfs 'n persepsie posgevat dat eendersheid reg is en ten alle koste bevorder moet word en dat verskeidenheid verkeerd is en ten alle koste vermy moet word. In werklikheid is eenheid-in-verskeidenheid 'n onlosmaaklike deel van God se skepping en 'n integrale deel van die uitleef van ons geloof in God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. In hierdie voorlegging aan die Forum wil ons 'n saak daarvoor uitmaak dat ons nie eendersheid en eenheid moet verwar nie. Ons eenheid word deur wesentlike sake bepaal. In nie-wesentlike sake hoef ons nie eenders te wees om nog eenheid binne dieselfde kerkverband te kan ervaar en uitleef nie. In sulke nie-wesentlike sake kan ons onderling verskil sonder om ons eenheid in gevaar te stel. Daarom wil ons met hierdie voorlegging pleit vir:

Eenheid in wesentlike sake, wat ewige, tydlose waarhede impliseer, en **verskeidenheid** en **verdraagsaamheid** in alle ander (dus **nie**-wesentlike) sake, maar met behoud van **eenheid.** Dit word vermag deur die krag van die **LIEFDE**. Hierdie konsep noem ons *verskeidenheid-in-*

eenheid met eenheid-in-verskeidenheid. Ons kan ook praat van eenheid binne verskeidenheid en verskeidenheid binne eenheid (Sien die skets hier onder as grafiese voorstelling van hierdie begrip).

Omdat ons begaan is oor neigings tot onderbeklemtoning van verskeidenheid met `n gepaardgaande gebrek aan begrip vir die rol van verskeidenheid binne kerke en in die kerkverband, fokus ons hier hoofsaaklik op hierdie aspek van eenheid-in-verskeidenheid.

****

Diagram ter illustrasie:

EENHEID IN VERSKEIDENHEID
saam met
VERSKEIDENHEID in EENHEID
in KERK en KERKVERBAND



2. KERKVERBAND

Kerkverband in sy breedste sin word saamgevat in artikel 9 van die Apostolicum: "*Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges."*

Kerkverband, in hierdie sin, is dus 'n gegewe en ons almal in die Gereformeerde kerkverband is onlosmaaklik deel daarvan weens ons gemeenskaplike belydenis. Ons erken en ervaar egter dat verskeie verdelings ontstaan het wat ons as kerkverbande beskou. Die realiteit waarmee ons rekening moet hou is dat God ons hier in Suid-Afrika binne die Gereformeerde Kerkverband geplaas het en dit is die onmiddellike omgewing waar ons ons verhoudinge met ander plaaslike kerke moet uitleef en handhaaf. Daar is wel 'n breër/groter kerkverband in die gereformeerde tradisie waarmee ons ook gesonde verhoudinge moet soek, uitbou en handhaaf.

Vir die doel van hierdie dokument werk ons dus primêr met ons verhoudinge binne die Gereformeerde kerkverband. Ons het besluit om met die volgende begrip van kerkverband te werk sonder om die bestaan of meriete van die verskillende tipes kerkverbande te evalueer.

Kerkverband is in wese 'n verhoudingsaangeleentheid wat in Christus se liefde vir ons geanker is. Lede van ons kerkverband moet dus die liefdesgebod van Christus (liefde vir God en jou naaste) in hul onderlinge verhoudinge najaag. 'n Kerkverband waarin die liefdesgebod nie die primêre rigtinggewer van verhoudinge is nie, word 'n vereniging van kerke wat bymekaar gehou word deur 'n stel reëls en wette en verskil dan nie van 'n sekulêre organisasie nie.

2.1. Wat bepaal 'n spesifieke Kerkverband?

Kerkverband word geïdentifiseer/gedefinieer deur die Skrifbeskouing wat in elke betrokke verband aanvaar word.

- Eerstens, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se Skrifbeskouing is dat die Bybel die Woord van God is. Ons glo dat die hele Skrif deur God geïnspireer is en daarom absolute gesag het.
- Tweedens, dat die belydenisskrifte 'n betroubare en beproefde samevatting van die heilsfeite in die Bybel is.
- Derdens, die aanvaarding van die presbiteriale kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618/19, as kerkregeringstelsel wat die reëls bevat wat selfstandige plaaslike kerke saambind in 'n onderlinge kerkverband, sonder om die plaaslike kerk ondergeskik te stel aan regering deur enige meerdere vergadering.

Die Skrifbeskouing bly egter die allerbelangrikste aspek. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se Skrifbeskouing is in navolging van veral die Skrifbeskouing van Calvyn. In die praktyk kom dit daarop neer dat ’n Christologiese Skrifbeskouing (Prof Amie van Wyk) die lees en verstaan van die Ou en Nuwe Testamente op ’n sinvolle wyse kan ontsluit.

2.2. Verhoudinge tussen plaaslike Gereformeerde Kerke

Hier verwys ons primêr na die verhoudinge/interaksies tussen plaaslike Gereformeerde Kerke in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as kerkverband.

Christus regeer die gemeente deur sy Woord en Gees. Die kerkraad moet hierdie regering BEDIEN. Die plaaslike kerkraad ontleen sy regerende gesag vir daardie betrokke plaaslike kerk vanuit hierdie diens-opdrag.

Behalwe vir direkte interaksie tussen plaaslike kerke in die kerkverband vind die interaksie en verhouding tussen kerke in kerkverband ook uitdrukking op verskeie ander wyses soos attestasie, sustentasie, visitasie, opleiding en legitimasie van predikante, gesamentlike evangelisasie, diakonale en emeritusversorging, en dies meer. Verder vind interaksie tussen gemeentes op ’n formeel organisatories of funksioneel gestruktureerde basis plaas in meerdere vergaderings wat tans Klassis, Streeksinode en Algemene Sinode genoem word. Die meerdere vergaderings se doel en werkwyses word omskryf in die Kerkorde. Ons is terdeë bewus daarvan dat goeie kerkregering nie *net* van ooreengekome reëls afhanklik is nie. Wanneer enige reël byvoorbeeld misbruik word vir ander redes as waarvoor dit ingestel is, word die Kerkorde as “reëlboek” op sigself ‘n bron van spanning.

Met die presbiteriale kerkregeringstelsel is die plaaslike kerk (gemeente) ’n selfstaande kerk met sy eie kerkraad wat selfstandig optree. Die klassis, streeksinode en algemene sinode is meerdere vergaderings en nie hoër vergaderings soos met die kollegialistiese kerkregeringstelsel waar die sinodes bly voortbestaan deur die moderamen wat nie ontbind nie. Verder is die plaaslike gemeente met sy kerkraad in die kollegialistiese stelsel nie selfstandig nie; besluite van hoër vergaderings is bindend afdwingbaar.

Met die presbiteriale stelsel is besluite van meerdere vergaderings ook bindend maar dan net in onderlinge ooreenstemming met mekaar. Verskille behoort deur gebed en besinning aangespreek te word tot daar ooreenstemming bereik is, of ooreen gekom word om mekaar oor ŉ spesifieke saak, te verdra. Met die huidige wyse van besluitneming (meerderheid stem) en die formulering van besluite word daar min ruimte vir eenheid-in-verskeidenheid toegelaat en in die praktyk lewer die twee kerkregeringstelsels tog maar bykans dieselfde resultaat al was dit nie so bedoel nie. Die bestaande praktyk waar al die artikels van die kerkorde as ewe dwingend beskou word, skep die geleentheid om die plaaslike kerk se gewete oor wat hulle as Skrifgetrou beskou, te bind aan die meerderheidsbesluit.

3. EENHEID-IN-VERSKEIDENHEID: UITGANGSPUNTE

3.1. Die konsep eenheid-IN-verskeidenheid bied ‘n kragtige manier om voorsiening te maak vir verskille tussen plaaslike kerke binne dieselfde kerkverband. Dit is belangrik om daarop te let dat ons nie van “eenheid-EN-verskeidenheid” praat asof dit twee teenoorstaande sake is waaroor kompromieë aangegaan moet word nie. Eenheid is die basiese verhoudingskenmerk tussen plaaslike Gereformeerde Kerke met verskeidenheid tussen kerke as ŉ eienskap wat gekoester en verdra word, ten einde ons roeping op aarde meer effektief te kan uitvoer. Die Gereformeerde Kerke met sy presbiteriale kerkregeringstelsel, is by uitstek toegerus om oor kultuur, taal en ander verskeidenhede heen, ŉ hegte kerkeenheid te vorm. Eendersheid in manier van doen is nie ware eenheid nie, en moet daarom nie as kriterium vir eenheid gebruik word nie. Afgeforseerde eendersheid skep valse eenheid.

3.2 Kerkverband gaan oor verhoudinge tussen kerke wat in Christus se liefdesgebod veranker is en gestalte moet kry.

3.3. Ons is deel van die Gereformeerde kerkverband en onderskryf die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se Skrifbeskouing en belydenis ten volle en heelhartig, en ons is dankbaar om deel van die kerkverband te wees en wil en sal graag steeds ŉ positiewe bydrae maak.

3.4. Ons stel dit dat ons die Skrifbeskouing en belydenis prakties, as Gereformeerde kerk, sigbaar na buite wil uitleef.

3.5. Ons wil daarna streef om in gesprek met ander Gereformeerde kerke (GKSA) die vryheid wat God aan ons as Christene gegee het (Galasiërs) waar te maak in elke lidmaat se lewe asook in ons verhoudinge met ander Gereformeerde kerke.

Ons wil in gesprek met ander Gereformeerde kerke, ’n positiewe interaksie handhaaf en so aan die debatte deelneem, dat daardeur die familiebande wat tussen ons bestaan, erken en versterk sal word.

3.6. Ons wil ’n positiewe en liefdevolle insig en verstaan van die onderlinge verhoudinge tussen kerke ontwikkel waarmee ons onsself kan rig en wat ons ook in die kerkverband kan indra.

3.7. In dié verband glo ons dat God elke Gereformeerde Kerk met ’n spesifieke roeping binne die GKSA-verband geplaas het en ons durf die roeping nie ignoreer nie. Die manier hoe plaaslike kerke hierdie roeping uitvoer, sal verskil van kerk tot kerk na gelang van plaaslike omstandighede. Dit is deel van die verskeidenheid wat `n gegewe is.

3.8. Ons glo dat die GKSA-verband meer soos ’n geloofsfamilie behoort te funksioneer, want ons is almal onlosmaaklik deel van die huisgesin van God ons Vader, wat ons deur Christus se toedoen broers en susters van mekaar gemaak het.

3.9. Families vertoon ’n groot mate van onderlinge eenheid in sekere sake maar ook beduidende verskille tussen lede oor ander sake maar algemene verdraagsaamheid stel die familie in staat om saam te leef. Hulle laat nie toe dat verskille oor middelmatige sake, hulle uiteen dryf nie.

3.10. Families funksioneer nie omdat daar wette is wat hul interaksies reël nie, maar omdat hulle ’n gemeenskaplike liefdesband het en probeer uitleef en bevorder, al is dit soms maar moeilik.

3.11. ’n Familie waar liefde nie regeer nie, kan nie staande bly nie.

3.12. Families en huisgesinne ontwikkel ook hul eie gedragsreëls wat onderlinge verhoudings bevorder, maar sodanige reëls word in liefde toegepas en dit word gewysig as die konteks waarbinne dit toegepas word, verander.

3.13. Ons verkies die familie model om verhoudinge tussen plaaslike kerke te beskryf en die huisgesin model om die verhoudings tussen lede van dieselfde plaaslike kerk te illustreer. Soms word in die verband ook verwys na die liggaamsmodel wat Paulus gebruik om die verskillende gawes wat daar in ’n gemeente is, te verstaan.(1 Kor. 12). *Die liggaamsmodel is egter net van toepassing op ’n plaaslike kerk en sy lede en nie op die verskeidenheid wat tussen plaaslike Kerke bestaan nie.* (Prof J A van Wyk, In die ***Skriflig***)

3.14. Kerkorde (KO): Ons aanvaar dat die kerkorde belangrike rigtinggewende reëls bevat wat as riglyne behoort te dien om interaksies tussen plaaslike Kerke te bevorder. Ons ervaar

egter dat die gebruik van die KO as `n wetboek dikwels die oorsaak van frustrasie is wat verskille in nie-wesentlike sake tussen kerke onbestuurbaar maak.

3.15. Wesentlik en nie-wesentlik

Die besluit van die Sinode van 2016 om die begrippe, wesentlike en nie-wesentlike vir die bespreking van alle geloofsake en kerkverbandaangeleenthede in te voer, is 'n sleutel tot die realisering van eenheid-in-verskeidenheid en haal die onnodige geruis wat die waarheid in die meeste argumente verdring, uit.

Die konsepte kan ook met verskeie ander woorde raakgevat word. In kerklike geskrifte is al reeds daarna verwys as wesentlike sake of ewige waarhede, tydlose waarhede, fundamentele sake teenoor nie-wesentlike sake en wat ook al beskryf is as tydsgebonde waarhede, randsake en middelmatige sake.

Ofskoon ons 'n intuïtiewe aanvoeling het met wat bedoel word, raak die saak gekompliseerd as definisies wat altyd en oral moet geld, geformuleer moet word. Dit is opvallend dat die Sinode van 2016 verskeie definisies op die tafel gehad het, wat 'n paar keer gewysig is voordat daaroor 'n besluit geneem kon word.

Die Sinode 2016 besluite (bls. 323 van die Handelinge) lui as volg:

6.1.3.1 Dat kerklike vergaderings die onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlik in hul besluitneming oor sake verreken

6.1.3.2 Dat die volgende as basiese riglyne dien vir die onderskeiding tussen wesentlike en nie-wesentlike sake:

<u>Wesentlike sake</u>

- *6.1.3.2.1 Sake wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word en/of*
- *6.1.3.2.2 sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word en/of*
- *6.1.3.2.3 sake wat op voorbeeld van die apostels in die Skrif gegrond is.*

<u>Nie-wesentlike sake</u>

- *6.1.3.2.4 Sake wat nie direk/uitdruklik in die skrif voorgeskryf of afgelei kan word nie en/of*
- *6.1.3.2.5 sake wat nie uit die belydenis afgelei kan word nie en/of*
- *6.1.3.2.6 sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd gehandhaaf hoef te word nie en/of*

6.1.3.2.7 sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is en/of

6.1.3.2.8 sake waaroor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef maar wat nie die geloof of ware kerk-wees in gedrang bring of die eer van God direk aantas nie.

Ons is van mening dat die definisies vol slaggate is en wil waarsku daarteen dat dit soos "kerkwette" gebruik kan word. Dit is slegs basiese riglyne en ons moet ooreenkom dat elke spesifieke saak van meet af aan ook getoets word aan die Woord, Belydenisskrifte en die Christologiese verstaan van die Bybel. 'n Wesentlike saak moet so **ondubbelsinnig** wesentlik wees dat dit met gemak in die belydenisskrifte van die Kerk opgeneem kan word. Gebruike wat die apostels ingevoer het (6.1.3.2.3) en wat vir hulle omstandighede gepas was, kan tog seker nie as altyd wesentlik vir ons geld nie. Die betrokke deel kan gerus weggelaat word, sonder dat dit enigsins aan die beginsel van wesentlik en nie-wesentlik afbreuk doen.

Dit is wel gepas dat ons in ons beredenering van sake wat tans spanning veroorsaak, die begrippe na die beste van ons vermoë sal verreken.

Ons moet streef na:

- eenheid in die wesentlike sake/ewige waarhede/tydlose waarhede.
- Verskeidenheid en verdraagsaamheid in nie-wesentlike sake/tydgebonde waarhede
- IN ALLES DIE LIEFDE.

Die Bybel gee ons in Efesiërs 4:3-6 'n stewige riglyn om vir wesentlike sake aan te lê. "*Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net een liggaam en net een Gees, soos daar net een hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net een Here, een Geloof, een doop een God en Vader van almal. Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.*" Dit is in hierdie gesindheid dat ons die mensgemaakte indeling van geloofsake in **wesentlik** en **nie-wesentlik** aanvaar en gebruik.

4. KWESSIES WAT OOR EENHEID ASOOK VERSKEIDENHEID BINNE KERKVERBAND AANDAG VERDIEN.

Die volgende kwessies verdien verdere gesprekke binne die kerkverband. By elkeen van die kwessies sal die behoorlike verstaan en toepassing van die begrippe oor eenheid-in-verskeidenheid, baie bydra tot die liefdevolle saamleef van plaaslike kerke.

4.1. Die gebruik van die Kerkorde

Die onderlinge liefdesband tussen plaaslike kerke en medegelowiges veral in eie kerkverband (huisgesin/familie), funksioneer soms nie. Die verkeerde interpretasie van die kerkorde wat soms soos 'n "wetboek" gebruik word, lê gewoonlik aan die wortel van misverstande.

'n Voorbeeld hiervan is die ongelukkige omskrywe van die Klassis Pretoria Die Moot aan die Kerkverband, na aanleiding van verskille tussen plaaslike kerke oor die vrou-in-die-amp (VIDA).

Christus, as Hoof van die kerk, het ons 'n nuwe gebod gegee: "*Julle moet mekaar liefhê*." Ons is almal lede van daardie geloofsfamilie/gesin wat in ons betrokke kerkverband tot uiting kom. As familielede van mekaar durf ons nie onder dwang van 'n reëlboek met mekaar om te gaan nie.

Soos in 'n tipiese familie/huisgesin is daar begrip vir die verdra en hantering van verskille, en huisgenote sal gewoonlik gedragsreëls ontwikkel om interaksies te vergemaklik. Wanneer daardie selfde reëls egter verhef word tot onbuigbare "wette" wat verskille ignoreer en ondraaglike en onnodige laste op verskeie lede van die huisgesin plaas, is dit 'n teken dat die liefde begin kwyn en dat so 'n gesin dan kan verbrokkel.

Families/gesinne moet ook daarvan bewus wees dat reëls wat vir vorige geslagte opgestel is, dalk nie meer net so van toepassing mag wees op huidige geslagte nie, en gesinne moet dan die reëls wysig om liefdevolle interaksies te bevorder en dit nie verhinder of kompliseer nie.

Die kerkorde bevat beginsels en orde reëlings vir goeie kerkregering wat op sinvolle en verantwoordelike wyse toegepas behoort te word, vry van alle vorme van rigorisme. Dit gee reeds aan die moderne lidmaat/kerk die nodige tersaaklike riglyne wat onderlinge liefde en verdraagsaamheid bevorder, mits dit reg toegepas word. As ons gereeld die verlede voorhou as regverdiging van bestaande reëls, dan ignoreer ons die konteks waarin daardie reëls opgestel is. Die enigste universele reël wat nog nooit verander het nie en ook nooit sal verander nie, is die gebod, *"jy moet jou God bo alles liefhê en jou naaste soos jouself*." Ons moet ten opsigte van elke artikel in die Kerkorde, die toets van wesentlik of nie-wesentlik in gedagte hou by die interpretasie van `n betrokke artikel.

4.2. Meerderheid stem as besluitnemingsmeganisme.

Christus se Kerk is nie 'n demokratiese instelling nie. Wesentlike sake kan nie met meerderheidstem besleg word nie. Getalle oorwig maak 'n saak nog nie reg nie want net Christus as hoof van sy kerk het "stemreg" as dit oor sake gaan wat ons verhouding met God rig. Dit kan slegs deur gebed, oop vir die leiding van die heilige Gees en met openlike en eerlike gesprekke besleg word. Besluite oor sulke sake behoort ook nie in die drukgang van vergaderingprosedures en tydskale af geforseer te word nie. Daar mag uiteindelik 'n punt kom waar ons moet aanvaar dat die verskille onoorbrugbaar is en dan mag dit 'n oplossing (onbevredigend) wees om uitmekaar te gaan maar dan slegs in uiterste gevalle. Bid en praat en wag op die leiding van die Heilige Gees is die enigste manier om met alle sake, ook met gewaande onoorbrugbare verskille, om te gaan. `n Familie hou nie op om te bestaan as daar verskille tussen lede sou ontstaan nie. Hulle is onherroeplik aan mekaar gebonde en moet so optree dat hulle weer en weer kan praat.

In nie-wesentlike sake kan wel oor verskille gestem word maar dan met die veronderstelling dat meerdere vergaderings se besluite net ten opsigte van brood en botter sake bindend op mindere vergaderings sal wees. Die plaaslike kerk moet nie sy regeer funksie deur die ouderlinge na meerdere vergaderings delegeer nie.

Ons voorsien verder dat die agenda van die verskillende vlakke van kerklike vergaderings ook aan die kriteria van wesentlik en nie-wesentlik onderwerp sal word.

Die Sinode se agenda moet hoofsaaklik bestaan uit wesentlike sake waaroor die mindere vergaderings advies vra. As daar nie eenstemmige advies is nie, mag `n Sinode nie oor wesentlike sake met meerderheidstem, besluite probeer afdwing nie.

Dit is egter soms nodig dat die Sinode besluite neem oor brood en botter sake wat die hele kerkverband raak (soos ramings ens.). Ten opsigte hiervan is meerderheidstem vir beluitmeming van toepassing, mits daar behoorlike verteenwoordiging is van die belangegroepe betrokke.

Die belangrikste interaksie van lede van die Gereformeerde Kerkverband lê op klassis vlak. Hier kom die onafhanklike plaaslike kerke bymekaar om mekaar te ondersteun, te adviseer en te vermaan waar nodig. Sake, wesentlik en nie-wesentlik, moet sover as moontlik op hierdie vlak afgehandel word en dan ook volgens die toepaslike riglyne vir wesentlike en nie-wesentlike sake.

4.3. Verteenwoordiging

Plaaslike Gereformeerde kerke verskil aansienlik in grootte. In daardie sake waaroor gestem moet word, moet die stemme wat uitgebring word vir of teen 'n saak, darem op een of ander manier verband hou met die aantal lidmate wat deur `n betrokke afgevaardigde verteenwoordig word. Die bestaande stelsel van deurgetrapte afvaardiging sonder dat die aantal lidmate verreken word, is nie meer aanvaarbaar nie.

4.4. VIDA (Vroue In Die Ampte)

Dit is ondenkbaar dat die Sinode met 'n meerderheid van stemme besluit dat 'n spesifieke Skrifuitleg meer korrek is as 'n ander een terwyl die teenoorgestelde gevolgtrekkingsaan al die vereistes vir Gereformeerde Skrifuitleg voldoen het. Dit is dus geen wonder dat daar onenigheid in die kerkverband is oor hierdie manier van omgaan met die Skrif nie.

Gevalle waar daar nie duidelike Skrifuitsprake is nie, dit wil sê, gevalle wat nie-wesentlik van aard is, moet aan die oordeel van die plaaslike kerke oorgelaat word om volgens vereiste van eie omstandighede, te hanteer. Hiervan is die VIDA-saak ‘n voorbeeld. Ons is bewus daarvan dat die Sinode van 2015, VIDA as wesentlik, dus volgens die aard van ‘n belydenis, verklaar het maar vir ons lê dit duidelik nie op die vlak van ’n belydenis nie. Die Sinode van 2018 sal gevra word om die besluit in hersiening te neem. Ons moet te alle tye in gedagte hou dat die gelowige vrou net so `n volwaardige gelowige in die kerk is as `n gelowige man. Dit is wel wesentlik. Die uitsluiting van die vrou uit die regeer- en preekamp is egter net een van die ongelukkige simptome van die ontkenning van die vrou as volwaardige gelowige. `n Simptoom van die foutiewe verstaan van `n situasie kan nie wesentlik wees nie.

4.5. Die kerklied

Hier is ’n goeie voorbeeld waar die plaaslike kerk se behoeftes geïgnoreer word en uniformiteit oor die hele kerkverband afgedwing word. Ons siening is dat die verantwoordelikheid vir die keuse van toepaslike, skrifgetroue liedere, by die kerkraad en predikant van `n plaaslike kerk lê. Elke leraar behoort die vrymoedigheid te hê om te besluit welke liedere by welke diens die meeste sal bydra tot die lof van God, trefkrag van die boodskap en die belewenis daarvan vir die gemeente in `n betrokke erediens. Hierdie benadering aanvaar dat nie alle plaaslike kerke dieselfde is nie en waar daar eredienste in dieselfde kerk is wat in verskeie idiome en tale aangebied word, die liedere wat gesing word, volgens aard en boodskap van die erediens bepaal sal word. Die besluit oor die liedere wat gesing word, lê dus volledig op die valk van die plaaslike kerk, waar alle handelinge onder die toesig van die plaaslik kerkraad geskied. Meerdere vergaderings behoort geen afdwingbare gesag hieroor te hê nie.

.

4.6. Kredensiebriewe

Die aanvaarding van kredensiebriewe deur die verskillende meerdere vergaderings is besig om ’n ernstige probleem vir sommige kerke te word. Sommige plaaslike kerke onttrek hulle selfs aan vergaderings waar hulle saam met ander kerke moet vergader indien hulle oor sekere sake nie saamstem nie. Uit gesprekke blyk dit dat die interpretasie van die kerkorde en briewe onnodige struikelblokke skep en dit behoort aandag te kry. Deel van die

probleem is die hantering van die kerkorde as ’n wetboek. Wanneer ‘n plaaslike kerk van ‘n sinode besluit/gevestigde gebruik oor ‘n saak afwyk, moet dit vir die betrokke kerk ten minste moontlik wees om, terwyl die saak nog volgens kerklike prosedures onder bespreking is, volle toegang tot alle meerdere vergaderings te geniet.

4.7. Vertraagde besluitneming

Daar moet ernstig besin word oor die huidige stadige ritme van Sinodale vergaderings elke 3 jaar. Ook oor die lang aanloop wat enige saak het om hoegenaamd op die Sinode se agenda te kom en die Sinode se uitgerekte manier om dan tot `n besluit te kom. Die stadige pas waarteen besluite geneem word, is nie bevorderlik vir die verhouding tussen die Sinode, wat meestal oor wesentlike sake die leiding moet gee, en die plaaslike kerke/klasses met hul groter klem op nie-wesentlike sake, nie. Vinnige interaksies tussen die groeperings is noodsaaklik om die eenheid-in-verskeidenheid siening behoorlik te kan laat funksioneer. Lang tussenposes tussen meerdere vergaderings veroorsaak dat plaaslike kerke soms dringende sake self moet hanteer omdat daar nie gewag kan word vir die Sinode om eers oor drie jaar aandag aan die saak te gee nie. Elektronies geleide besluitneming wat meer dikwels teen laer kostes kan plaasvind is ’n moontlike oplossing wat ernstige ondersoek verdien. Indien die Sinode hom net besig hou met die sake wat nie op mindere vergaderings afgehandel kan word nie, sal daar heelwat minder sake op die Sinode se tafel kom en sal alles dus vinniger afgehandel kan word.

4.8. Die rol van die klassis

Die klassis moet die belangrikste vlak van interaksie tussen plaaslike kerke wees. Wesentlike sake kan aan mekaar voorgelê word vir besinning en advies maar nie vir stemmery nie. Indien daar geen oplossings uit eie geledere kom nie, kan `n meerdere vergadering vir advies gevra word. Die meerdere vergadering se advies is egter nie bindend op die klassis of plaaslike kerk nie. Die advies moet dan as `n nuwe saak deur die plaaslike kerk oorweeg word. Samewerking op gemeenskaplike sake moet die agenda van die klassis bepaal. Dit is ook die plek waar oor mekaar se kerk-wees toesig gehou word. Liefde moet altyd die kern benadering van besoeke en adviese wees. Verdraagsaamheid in

nie-wesentlike sake moet `n kenmerk word van ’n klassis vergadering asook enige ander meerdere vergadering van die Gereformeerde Kerkverband.

5. TEN SLOTTE

Die Gereformeerde kerkverband was vir die grootste deel van sy bestaan, saamgestel uit grootliks uniforme plaaslike kerke wat die meeste handelinge op ’n uniforme manier uitgevoer het. Die tyd het ons egter ingehaal met verstedeliking, globalisering, die internet, sosiale media en beter kommunikasie. Daar het ook al hoe groter verskille tussen die omstandighede en praktiese uitdagings van plaaslike kerke ontstaan. Ons uitdaging is nou om mekaar te vind in ’n sisteem waar die begrip van eenheid-in-verskeidenheid deel sal wees van ons omgang met mekaar. In alles moet Christus se liefde vir ons en ons liefde vir mekaar die boustene wees van ons verhoudinge. Geen kerklike bestuurstelsel of vergaderingprosedures kan dit waarborg nie. Dit lê uitsluitlik in elkeen van ons se persoonlike verhouding met God. Ons kan wel sorg dat ons nie mensgemaakte kerklike reëls en vergadering prosedures tussen God en Sy kinders kom indruk nie. Die presbiteriale kerkregeringstelsel bevat al die elemente wat nodig is om eenheid-in-verskeidenheid te verwerklik. Ons predikante en ouderlinge het ’n groot verantwoordelikheid teenoor die lidmate wat aan hulle toevertrou is, om hul verantwoordelikheid hierin na te kom. Hulle durf nie hul regeer-, toesig- en leidingsfunksies na meerdere vergaderings af te skuif nie.

Mooi loop in Christus
Werkgroep Kerkverband Aangeleenthede
Gereformeerde kerk, Wapadrant.
9 Maart, 2017